NATURES VALLEY NUUS

NVRA/NVBV; 388 Lagoon Drive/Lagoonrylaan 388; Office Hours: Tues –Thu 09:00-12:00; Kantoorure: Di - Do 09:00-12:00; Tel 044 531 6699; email office@nvra.co.za; website http://www.nvra.co.za

Die winter het sy eie bekoring!

Beste NVBV-vriende

Ons vertrou dat wanneer julle hierdie lees, julle te midde van die grendeltyd steeds goeie gesondheid en voorspoed geniet.
Die nuusbrief bevat die gewone nuus, asook refleksie op die effek van die afgrendeling op die Vallei. Ons wil probeer om toekomstige nuusbriewe meer interessant en inklussief te maak. Daarom nooi ons julle graag om bydraes, soos kort toepaslike artikels aan te stuur. Ons sal stories oor die geskiedenis

van Nature's Valley publiseer. Kort bydraes belangstellings en stokperdjies is ook welkom. Stuur gerus sulke bydraes na die redakteur.

Covid-19 en Nature's Valley

Soos in die res van die land, het die inperking in Maart ons tot stilstand gedwing. Die Vallei het meteens spookagtig stil geword. Die parkeerplek by die lagoon was verlate en die strate stil. 'n Interessante verskynsel was egter die talle jonger gesinne wat hier kom lockdown het en die Vallei weer opgevrolik het. Jong werkende ouers het dit moontlik gevind om met verbeterde internet-toegang hulle werk hiervandaan te doen en die kinders se skoolwerk digitaal by te hou. Op die manier het Nature's Valley 'n verjonging beleef te midde van die korona-krisis. Gelukkig weet ons nie tot dusver van enige positiewe geval in die Vallei nie, maar ons is tog onder die indruk daarvan dat ons 'n kwesbare gemeenskap is. Drie faktore speel hierin 'n rol:

- Die groot persentasie ouer mense wat hier permanent woon.
- Die interafhanklikheid met werkers wat daagliks na en van die Vallei beweeg.
- Die feit dat ons feitlik op die N2 geleë is en daar gedurig beweging tussen die Wes- en die Oos-Kaap plaasvind..

Met die voorbereiding van hierdie nuusbrief, was daar 54 aktiewe gevalle in Bitou, waarvan die meeste reeds herstel het. Ongelukkig was daar dusver reeds 4 sterfgevalle. Dit is sekerlik net 'n kwessie van tyd voordat die virus die Crags, Kurland, Covie, en die Vallei gaan bereik. Ons sal moet saamstaan om mekaar te help om versigtig op te tree en om hulp aan te bied waar nodig.
Ons is bewus daarvan dat die grendeltyd 'n besondere negatiewe uitwerking gehad op baie van ons bekende en gewaardeerde besigheidseienaars. Sake het oornag tot stilstand gekom het. Ons dink aan die winkel en restaurant, aan die talle AirBnB's, die boukontrakteurs en ander diensverskaffers. Ons eie huis- en tuinwerkers is waarskynlik van die mense wat die swaarste getref is. Ons is dankbaar teenoor die talle werkgewers wat aangehou het om salarisse te betaal ten spyte daarvan dat werkers nie kon aanmeld vir diens nie.

Hulpverlening

Ons as inwoners van die Vallei was ook bevoorreg om by verskeie inisiatiewe van hulpverlening betrokke te raak. Afgesien van die NG Gemeente Plettenbergbaai (beide Suider- en Noorderkruis) wat op verskeie plekke en maniere hulp verleen het, kon ons ook bydraes lewer by die volgende instansies:

Mask4All (Crags en Plett)

Groepe dames uit Nature's Valley en Crags het saamgewerk met Masks4All en Beyond Plett om meer as 50,000 maskers te vervaardig, waarvan 44,000 in Kurland en Covie versprei is.

Ons moedig mense aan om volgens die riglyne maskers te dra, veral wanneer die winkel en die kantore van die NVBV en NVT besoek word.

Plett Rotary managed food aid

Die inligting oor hierdie inisiatief is via die NVBV-kantoor versprei en talle van ons inwoners het bydraes gemaak. Die projek is bestuur deur Rotary se President, Ate Bos en hy is ondersteun deur Paulus Mashego en Pastoor Allan Jubber van die Born Free Ministries.
Teen die einde van Mei is meer as R440,000 as donasies ontvang en 1,000 kospakkies kon in Kurland en Covie uitgedeel word. Terwyl die grendeltyd nie verby is nie en mense steeds ly as gevolg van werkloosheid, sal verdere hulp nodig wees en ons sal voortgaan om die nodige inligting oor bystand te kommunikeer.

Dankbare Covie inwoners

Mense van die Vallei

Totsiens aan Mark Brown

Dr Mark Brown het aan die einde van Mei bedank as die direkteur van die NVT. Hy het reeds begin werk as die besturende direkteur van The Computershop (TCS) in Plett. As gevolg van die grendeltyd kon ons nie behoorlik afskeid van Mark neem nie, maar baie mense het via sosiale media op gepaste wyse dank en waardering betuig vir die rol wat hy gespeel het om Nature's Valley steeds meer omgewingsbewus te maak. Ons vertrou dat NVT spoedig 'n gepaste opvolger sal kan aanstel.



Strate

In grendeltyd was ons heel verras om swaar padwerk-voertuie by die ingang te sien aankom. Binne twee weke is al die toegangstrate vanaf die lagoon tot en met Heather en selfs verder, nuut geteer. Dit lyk mooi

en ry soos 'n droom. Ons dank aan Bitou wat op so 'n manier ook vir die Valley sorg.

Tuinafval

Tuinafval is nie veronderstel om in die asblikke of by die afvalstasie geplaas te word nie. Dit moet óf as kompos gebruik word óf uit die Vallei vervoer word. Soms word tuinafval iewers langs een van die strate weggegooi. Dit lyk onooglik en veroorsaak ook 'n brandrisiko. Daar is verskeie diensverskaffers wat kan help met die behoorlike skoonmaak van tuine en die verwydering van afval. Die kantoor (NVBV) kan genader word vir inligting oor hierdie kontrakteurs.

Bobbejane

Bobbejane is heel aktief gedurende die afgelope tyd. Die verhoogde aantal mense in die Vallei veroorsaak waarskynlik dat daar meer moontlikhede vir die bobbejane is om op asblikke te aas en om te probeer om toegang tot huise te kry. Die voorbok is 'n groot mannetjie wat soms alleen opereer, maar meestal in die nabyheid van 'n redelike groot trop is.



Die NVBV se komitee en die NVT het 'n samespreking met Bitou, SANParke en ander instansies gehad om te moontlikheid van 'n gekoördneerde strategie te bespreek. Die konsultasieproses gaan steeds voort.

Reënval

Die reënvalstatistiek hieronder is voorsien deur Doug Blaine.

	2018	2019	2020
Jan		48	82
Feb		10	40
Mar		84	20
Apr		38	38
May		40	60
June		17	16
July	40	28	

Aug	50	5	
Sept	150+	66	
Oct	45	40	
Nov	72	80	
Dec	28	36	

Kantoor en Admin

Paul Erens het aan die einde van 2019 as voorsitter uitgetree en in sy plek is Dave Owen verkies.

Annamarie Kovacik, ons kantoorbestuurder kan help met informasie oor enige aangeleentheid. Die kantoorure is Dinsdag-Donderdag 9:00 to 12:00.

Ons is baie dankbaar vir die ongeveer 55% van die eienaars wat bydraes maak vir die NVBV.of property owners contribute to the NVRA. Die nuwe finansiële jaar begin op 1 Julie 2020 en daarom kan 2020/21 se bydraes nou betaal word. Die bedrag wat gesuggereer word is R1000, maar enige bydrae is welkom.

Bankbesonderhede:

NVRA, Standard Bank, Plettenberg Bay, Tak 05 07 14 Acc. No: 082 60 9217
Gebruik die erfnommer as verwysing.

Bitou Honeysucker

Betaling moet elektronies gedoen word en dan moet bewys van betaling na Bitou customer care, Plettenberg bay gestuur word (kantoorure Monday to Thursday 07h30-16h30, Friday 07h00-13H30), of na Marco Barnardo

Die tariewe is nou soos volg (01/07/2020 tot 30/06/2021
Maandag - Vrydag – R579.60
Saterdag – R869.40
Sondae en publieke vakansiedae – R1159.20

Bankbesonderhede:
NEDBANK – Plettenberg bay
ACC: 1089913974
Takkode: 198765

REF: 10840861 (Erf number as well)
Stuur epos na: Mbarnardo@plett.gov.za
Die diens sal slegs gelewer word nadat die betaling gedoen is en bewys daarvan ingestuur is.
Customer care: 044 501 3028
086 124 8686

Webblad

Die NVBV se webblad word steeds op datum gehou en persone word aangemoedig om dit te besoek by www.nvra.co.za. Die volgende dokumente kan daar gevind word:

• General Information on Natures valley
• Important NVRA and Municipal documentation
• Guidelines for Visitors
• Safety advice for swimmers
• Function of the NVRA
• Building Regulations
• Dog Rules

Roy Parkhurst is verantwoordelik vir die webblad en ons is baie dank aan hom verskuldig.

Stuur asseblief hierdie nuusbrief na belanghebbendes wat moontlik nie op ons adreslys is nie en maak ook seker dat ons jou korrekte besonderhede het.

Redakteur: Julian Müller (julian.muller@up.ac.za)